

trinitas

Baie welkom by Trinitas!

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

1 Verlos

SONDAG, 22 NOVEMBER 2015

Ons gemeente vier vandag die sakrament van die Heilige Nagmaal. Almal wat by die kerkraad aansoek gedoen het om as besoekers saam Nagmaal te vier, is hartlik welkom, tensy die teendeel persoonlik aan u meegedeel is

OGGEND 09:00

Jesus wil verstaan word

Teks: Matteus 4:18-5:2

Soms voel God so onvindbaar en onverstaanbaar.

Dan sê ons: dit voel asof ek teen die plafon vas bid. Dit voel asof Hy nie daar is nie. Dit voel eintlik soms regtig asof Hy ons gesukkel in die lewe nie raaksien nie, en ook met alles wat Hy sê eintlik nie verstaan wil word nie. Asof alles so ingewikkeld is ... Maar hoe lyk God se hart hieroor regtig?

AAND 19:00

Jesus en rioolpype


Teks: Verskeie uit Romeine

Die duiwel is die vader van die leun. Hy lieg die lekkerste oor Jesus se werk vir ons. Kry jy dit reg om deur sy leuens te kyk en Jesus te bly raaksien?

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 24 November
Aandbybelstudie afsluiting

Woensdag, 25 November
Oggendbybelstudie 09:00
(laaste vir die jaar)



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Kobus Bester (0837640063) is steeds in Morningside kliniek.
- Chrisna van Bommel, dogter van Gerrit en Christa (0832847280) se mangels is Maandag uitgehaal.
- Morné (0793421209) en Dian Smith (0836618381) was albei die afgelope week in Cormed gewees.
- Doris Coetzee (0828205604) was die afgelope week in Emf. Medi-Clinic .
- Linda Basson (0724000075) se moeder is die afgelope week oorlede. Ons dink aan haar en familie in die hartseer tyd.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

22/11	Francois Kotzé	☎0169323805
22/11	Annatjie van Biljon	☎0767070808
22/11	Maarten v Helden	☎0823922093
24/11	Kanya Lourens	☎0169324849
24/11	Dian Smith	☎0836618381
25/11	Tarien Dannhauser	☎0780979063
25/11	Naisha Hattingh	☎0169324680
25/11	Elaine Ndweni	☎0834909746
25/11	Jay-Jay vd Westhuizen	☎0169311336
26/11	Jacques Maree	☎0813221608
27/11	Jacolien Pieters	☎0732259336
27/11	Hennie Pretorius	☎0832660460
27/11	Gerrit van Wyk	☎0823328550
28/11	Joeye Coetzer	☎0822535216
28/11	André Strydom	☎0826534290
28/11	Emmerencia vd Walt	☎0722432671

SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

23 Nov. Danie en Lynette Roelofse, 51 jaar.

23 Nov. Fanie en Franciska vd Merwe, 24 jaar.

27 Nov. Ferreira en Elmie Snyman, 11 jaar.

ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS

Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat beskikbaar is by die deure** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** kassie by die hoofingang.

BYBELSTUDIES

Woensdae om 09:00 by die kerk.

Dinsdae om 19:00 (Carterstraat 16).
(Laastes vir die jaar.)

NUWE LIDMATE

Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes van der Walt

OUDERLINGE AAN DIENS

22/11 – Gerrit van Wyk en Floors Coetzee

DIAKENS AAN DIENS

22/11 – Almal

KOSTER AAN DIENS

Theuns Odendaal

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieese span

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

22/11 – Koningskinders

29/11 – SAVF Shelter

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, rig 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit (0711063978).

GEHOORAPPARATE

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

TEESKINK

Vandag is daar geen tee nie. Op Sondag, 29 November skink die

Lotuslanders. Gretha van Wyk, 0764688963, is die sameroeper van die diensgroep.

KLEUTERKERK

Kleuterkerk het reeds afgesluit vir 2015. Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammass van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes**. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Inbetaling van donasies by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.



DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop:

Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maaltvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfynt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Onthou asb. om vir Desember se kospakkies lekker en koekies te skenk. Ons waardeer alle hulp – Diakonie

MEDEWERKERS

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die wykslyste is in die saal teen die wit muur opgeplak en die betrokke ouderling word daarop aangetoon. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton, 0834685243.



Gestuur

GEMEENSKAPSAANDE

Ons as gestuurdes verstaan nog baie min van hoe om Jesus evangeliserend in ons omgewing in te volg en om instrumente in God se hande te wees waardeur mense tot bekering kom en by Trinitas aansluit. Ons gaan God vertrou en begin om meer daarvan te verstaan en te doen.

Ons gaan begin deur van tyd tot tyd 'n "**GEMEENSKAPSAAND**" te hou. Dit is geleenthede op Sondagaande waar ons óf eers hieroor leer, dink en beplan, óf werklik kontak maak met die gemeenskap om hulle met die evangelie te bereik.

Die **volgende GEMEENSKAPSAAND word beplan vir 29 November 2015 om 18:00 in die kerksaal**. Daar gaan

ons begin gesels oor: **Hoe luister ons na ons gemeenskap se ongelowiges of vraende mense?** Ons wil eers baie goed verstaan wat reeds in hierdie mense se harte leef. Ons gaan daardie aand begin saamdink hoe ons met hulle kontak kan maak en dit uitvind deur na mense om ons te begin luister. Ons weet wel nie waar dit alles ons gaan bring nie, maar in vertrouwe begin ons Jesus se opdrag volg. Kom volg saam met ons!

KERSPROGRAM

Die kleuters en graad eens het 'n spesiale rol in die kersprogram. Kontak asseblief vir Maureen van Helden 0823922093 as jy nie 'n briefie in verband hiermee ontvang het nie.

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Kontakpersone: Philip Snyman 0834681035, Anne-Marie Snyman 0798756743, Christa Snyman 0798779882.

KINDERSORG PIKININI WINTERPROJEK

Kontakpersoon: Jackie Kleynjan. Die projek loop regdeur die jaar en alle bydraes word in Meimaand by Kindersorg uitgedeel. Groete: Jackie Kleynjan 0833814020.

FAMILIE-ETE

Die diakonie nooi die gemeente hartlik uit na 'n spitbraai vandag om 12:00 by die kerk. **Bring saam:** Gazebo's en sambrele, eie drinkgoed en 'n poedingbak. Daar gaan 'n springkasteel vir die kinders wees!



Kontakpersoon:
Hardus Visser,
0828215642.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Baie dankie aan almal wat bydra om Madagaskar-sending aan die gang te hou. Indien julle voorstelle het, laat weet my asb. Groete in Jesus. Gert Visser, 0834491036. (Indien jy 'n bydrae wil lewer: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748)



BELANGRIKE DATUMS VIR DESEMBER

- 6 Des. Kersprogram
- 25 Des. Kersdag-erediens 09:00.

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- GKSA Jeugkantoor nuus
- Frankfort Riviertoeer 2015
- **Eerstejaarkampe:**
 - Pretoria (GK Brooklyn)
 - Stellenbosch 2016
 - GK Cachet
- Jan Kriel nuus

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei. Koste: R116 (gedruk)/R85 (elektronies). Stuur 'n e-pos aan

kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

BYBELS EN PSALMBOEKE

Maak gerus tydens die ere diens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal.

TRINITAS-BOEK-HOEK:

BRING JOU GEESTELIKE STOF!

Het jy geestelike boeke, CDs of DVDs wat jy reeds gelees en geluister het en nou net in jou huis rondlê? 'n Broer of suster of kind van Trinitas kan dalk jou 'ou' boek of CD as nuut ervaar! Die Trinitas-Boek-Hoek sal elke Sondag vanaf November in die saal oop wees en lidmate is welkom om dan 'n boek of 'n 'nuwe' CD vir jou kind met geestelike liedjies of 'n DVD uit te neem. Nou benodig ons boeke, CDs, en DVDs om hierdie diens te begin! Bring dit asb. kerk toe en plaas dit in die houers by die voordeur en agter in die saal wat gemerk is: Boek-Hoek. Daar moet asb. nie 'n gekrap of reeds ingeskryf wees nie, sodat dit vir elkeen wat dit lees, 'n eie ervaring kan wees. CDs/DVDs moet in werkende toestand wees. Indien jy deel wil wees van hierdie diensgroep, kontak vir Franciska van der Merwe, 0827818032.

NAGMAAL: KELKIES AAN TAFEL

Lidmate wat Nagmaal aan die tafel gebruik en nie uit die gesamentlike beker wil drink nie, word vriendelik versoek om hul eie kelkies saam te neem tafel toe.

GASVRYHEID-DIENSGROEP VRA HANDE!!!

Ons Gasvryheid-diensgroep het 'n lekker besige paar Sondag wat voorlê! Een van ons diensgroep se doelwitte is om die gemeente te dien deur gesellige saamkuiergeleenthede te skep. **Ons het al 'n lekker span bymekaar maar ons kan nooit genoeg hande wees wat help en koppe wat dink nie!** Ons nooi dus enigiemand wat graag met die komende funksies wil help of in die toekoms betrokke wil raak om hul name by Gretha van Wyk in die saal op te sit na die ere diens. Lidmate is welkom om by ons diensgroep aan te sluit of net soos moontlik met sekere funksies te help. Ons volgende funksie: **Kersprogram – 6 Desember –** Ons gee 'n lekker geselligheid na die Kersprogram met verversings en tee. Kom deel jou gawes met ons!
Groete: Trinitas Gasvryheid-diensgroep

DINSDAG

Dinsdag sal daar geen personeel by die kerk beskikbaar wees nie, aangesien daar gif gebrand gaan word.

LIEWE TRINITAS-DAMES

Baie dankie vir die groot **ooievaarsteebederf** van verlede Saterdag! Dit was 'n heerlike verrassing en ons is nou reg vir die nuwe Van Wykkie om sy opwagting te maak. Baie dankie vir elke mooi wens en geskenkie, maar veral vir die lekker saam kuier! **Dit was werklik 'n baie spesiale oggend!**
Liefdegroete: Gretha

HULP BENODIG

Ná 'n besoek van die voorsitter van die Kuratore, dr DG Breed, aan Indië, het daar vanjaar twee kandidaatstudente

uit Indië uit die gereformeerde gemeente waar ds. Rajesh Kumar (GK Rietvallei) werksaam is, *Varanasi Congregation, Reformed Church of North India*, met opleiding by die Teologiese Skool begin. Die doel van die studie is dat hulle met deeglike opleiding geskool sal wees om terug te gaan na Indië om die kerk daar uit te bou te midde van 'n sterk Hindu-gemeenskap. Die twee studente, Mukesh en Raj Kumar, kry geen steun van ouers of tuisgemeente nie en is volledig afhanklik van die GKSA vir die tydperk van hul kandidaatstudie. Hulle word tans deur die Kommissie vir Finansiële Ondersteuning van die Kuratore met 'n beurs versorg ten opsigte van registrasie-, klas- en boekegeld uit die Kas vir Teologiese Studente. Verder word hulle ten opsigte van voedsel, verblyf en leefkoste versorg uit ander fondse onder bestuur van die KFO.

VERSOEK: Ons twee broeders wil graag tydens die Desember-vakansie terugkeer na Indië. Die KFO hanteer slegs beurse ten opsigte van studiekoste en leefkoste tydens studie, maar het geen fondse waaruit vlugkaartjies na Dehli en terug, betaal kan word nie. Die fondse van die KFO word met groot omsigtigheid bestee om dit vir ons studente moontlik te maak om te studeer. 'n Retoerkaartjie (einde November tot einde Januarie) kos tans tussen R6900 en R8100 en hulle benodig dus ongeveer R15000 vir twee retoerkaartjies. Hiermee versoek ek dus dat u asseblief in u gemeenteblad of via ander kommunikasiemedie finansiële hulp in

u gemeente sal vra om die twee studente in staat te stel om huis toe te gaan. U hulp in die verband sal hoog op prys gestel word. Kontak asseblief vir dr. Wymie du Plessis (wymiedup@gksa.co.za) of mev Ami du Toit (ami.dutoit@nwu.ac.za) indien u 'n skenking kan maak.

Hoe **LUISTER** trinitas na Vdrbijkl



Wie? Alle Gestuurdes
Waar? Kerksaal
Wanneer? Son 29 Nov 18:00

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

Kerkkantoor:

Maandag tot Donderdag

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba: Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters: Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis: Nannes van der Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas

ABSA Tjekrekening 530340449

Predikant: Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

Adres: Ogilviestraat 6, SE2, Vanderbijlpark

e-pos: griffel@gktrinitas.co.za

Nagmaal-aansoeke in Trinitas

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (KO Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.

Indien jy vriende of familie het wat nie lidmate van Trinitas is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme hiervan aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
 - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
 - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
 - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.